/lf

**VRYSTAAT HOë HOF, BLOEMFONTEIN**

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Aansoek nr. 452/2010

In die aansoek tussen:

| | |
|---|---|
| **ELSIE MEYER** | Applikant |
| en | |
| **MEESTER, VRYSTAAT HOë HOF, BLOEMFONTEIN** | 1ste Respondent |
| **ABSA TRUST BEPERK** | 2de Respondent |
| **GERT SMARTRYK VAN PLETZEN** | 3de Respondent |
| **TERSIA MARINDA ELIZABETH VAN PLETZEN** | 4de Respondent |

---

**AANGEHOOR OP:** 22 JUNIE 2010

---

**UITSPRAAK DEUR:** MURRAY, Wnd R

---

**GELEWER OP:** 29 JULIE 2010

---

[1] Die applikant doen aansoek dat die testament van wyle Susanna Cornelia Rautenbach gedateer 18 Maart 2009 ongeldig verklaar word en dat die testament gedateer 7

Augustus 2000 verklaar word die geldige Laaste Wil en Testament van wyle Susanna Cornelia Rautenbach te wees. Die applikant versoek ook dat die derde respondent gelas word om die koste van die aansoek te betaal, alternatiewelik dat die koste van die aansoek deur die boedel van wyle Susanna Cornelia Rautenbach betaal word.

[2] Voldoening aan die formaliteitsvereistes van die testament van 18 Maart 2009 ("die betwiste testament") is nie in geskil nie. Die testeerbevoegdheid van mev Rautenbach ("die testatrise") tydens verlyding van die betwiste testament is wel.

[3] Dit is onbetwis dat die testatrise op 7 Augustus 2000 in 'n testament al haar bates in gelyke dele nagelaat het aan haar twee stiefdogters, waarvan slegs een (die applikant) tans nog leef, en haar woonstelmaat, mnr Gieljam van Heerden, wat vroeg in 2008 oorlede is.

[4] Dit is ook onbetwis dat die testatrise op 18 Maart 2009, minder as 'n maand voor haar dood op 14 April 2009, die betwiste testament verly het waarin sy haar 2000 testament herroep en die grootste deel van haar bates, naamlik haar 50% aandeel in

die woonstel en al haar meubels sowel as die helfte van die restant van haar boedel aan die derde respondent, en by sy oorlye aan sy vrou (die vierde respondent), bemaak het. Die oorblywende helfte van die restant het sy aan die applikant bemaak.

[5] Die applikant voer aan dat die betwiste testament ongeldig is weens die testatrise se verstandelike onvermoë om op datum van verlyding 'n geldige testament te maak, asook omdat die betwiste testament nie die testatrise se wil weerspieël nie, maar, weens wilsonderskuiwing en onbehoorlike beïnvloeding, dié van die derde respondent.

[6] Die derde en vierde respondente opponeer die aansoek en ontken enige gebrek aan testeerbevoegdheid of onbehoorlike beïnvloeding. Geen verklarings is namens die eerste en tweede respondente geliasseer nie, maar die Hof is ingelig dat hulle sal berus by die uitslag.

[7] Die applikant se feitelike bewerings word gestaaf met beëdigde verklarings van haar dogter; die testatrise se oorlede woonstelmaat se seun; die opsigter in die

woonstelblok waar die testatrise tot met haar afsterwe gewoon het, 'n welsynswerker en 'n broerskind van die oorledene.

[8] Mondelinge getuienis deur Dr Jo-Ann Smit, die kliniese sielkundige wie se verslag aangeheg was tot die funderende verklaring, is aangehoor oor die testatrise se kognitiewe funksionering en vermoëns tien dae voor haar dood.

[9] Mondelinge getuienis deur mnr Hatha, die ABSA-amptenaar wat die betwiste testament verly het en wie se verklaring aangeheg is by dié van die derde respondent, is ook aangehoor oor die verlyding.

[10] Beide die gemenereg en Artikel 4 van die Wet op Testamente, Wet 7 van 1953, (*"Elkeen wat sestien jaar of ouer is kan 'n testament maak tensy hy wanneer hy die testament maak, verstandelik onbekwaam is om die aard en uitwerking van sy handeling te begryp..."*) stel as voorvereiste vir 'n geldige testament testeerbevoegheid en dus die nodige verstandelike vermoë ten tyde van verlyding. Sien **HARLOW v BECKER**

**NO AND OTHERS,** 1998(4) SA 639 (D) te 643 F – G en 644 B - C.

[11] Die applikant beweer die testatrise het nie op 18 Maart 2009 die nodige testeerbevoegdheid gehad nie en dra dus die bewyslas om op 'n oorwig van waarskynlikhede dié bewering te bewys. Sien in dié verband **HARLOW v BECKER NO AND OTHERS,** *supra,* te 647 D en **KIRSTEN AND OTHERS v BAILEY AND OTHERS,** (1) 1976(4) SA 108 (C) te 109G-H.

[12] Soos Viviers, Wnd R, in **KIRSTEN AND OTHERS v BAILEY AND OTHERS,** *supra,* te 109 H – 110A en Thirion, R, in **HARLOW v BECKER NO AND OTHERS,** *supra,* te 645 E - F bevestig, is die toets vir testeerbevoegdheid of die testatrise ten tyde van verlyding oor voldoende intelligensie beskik het en 'n voldoende gesonde verstand en geheue gehad het om die aard van die testeerhandeling in al sy fasette te begryp.

[13] In dié verband het Tindall, AR, in **TREGEA AND ANOTHER V GODART AND ANOTHER,** 1939 AD 16 te p.49 met goedkeuring die volgende omskrywing aangehaal:

> "The testator must, in the language of the law, be possessed of sound mind and memory ... The question is: Had he a disposing memory? Was he capable of recollecting the property he was about to bequeath; the manner of distributing it; and the objects of his bounty?"

[14] Verder toepaslik is beide Thirion, R, en Viviers, Wnd R, se verwysing na die volgende passasie in **HARWOOD v BAKER,** 3 Moo PC 282 te p. 290:

> "... in order to constitute a sound disposing mind, a testator must not only be able to understand that he is by his will giving the whole of his property to one object of his regard; but that he must also have the capacty to comprehend the extent of his property, and the nature of the claims of others, whom, by his will, he is excluding from all participation in that property."

[15] In **HARLOW v BECKER NO AND OTHERS,** *supra*, te p. 645J beklemtoon Thirion, R, aan die hand van die bogemelde passasies die verskil tussen die bedoeling om 'n testament te maak en die verstandelike vermoë om een te maak. Hy verduidelik dat in terme van beide die gemenereg en die Wet op Testamente die verstandelike vermoë om 'n testament te

verly méér is as 'n blote bedoeling aan die kant van die testateur dat die dokument wat hy onderteken, sy testament sal wees.

[16] Hy verduidelik te p. 644 D – I die gemeenregtelike vereistes vir testeerbevoegdheid aan die hand van die volgende passasies:

[16.1] uit **BATTAN SINGH AND OTHERS v AMIRCHAND AND OTHERS,** [1948] 1 ALL ER 152 te 155H-156C:

> "A testator may have a clear apprehension of the meaning of a draft will submitted to him and may approve of it, and yet if he was at the time through infirmity or disease so deficient in memory that he was oblivious of the claims of his relations and if that forgetfulness was an inducing cause of his choosing strangers as his legatees, the will is invalid";

[16.2] uit **BANKS v GOODFELLOWS,** (1870) LR 5 QB 549 te 565:

> "It is essential to the exercise of such power" [testamentiary power] "that a testator shall understand the nature of the act and its effects; shall understand the extent of the property of which he is disposing; shall be able to comprehend

and appreciate the claims to which he ought to give effect; ... that no disorder of the mind ... shall influence his will in disposing of his property and bring about a disposal of it which, if the mind had been sound, would not have been made";

[16.3] en uit **SIVEWRIGHT v SIVEWRIGHT'S TRUSTEES,** (1920 SC (HL) 63):

> "A testator must be able to exercise a rational appreciation of what he is doing. He must understand the nature of his act..."

[17] Uit die bostaande gesag blyk dit duidelik dat die testatrise slegs die betwiste testament geldig sou kon verly indien sy op 18 Maart 2009 in staat was om ten volle die regsaard en uitwerking van haar testamentêre handeling in al sy fasette te begryp en in staat was om tussen haar moontlike erfgename te onderskei en oor hul aansprake 'n redelike besluit te neem. Sien in dié verband ook **SPIES NO v SMITH EN ANDERE,** 1957 (1) SA 539 (A) te 543 F – G en **ESSOP v MUSTAPHA AND ESSOP NNO AND OTHERS 1988(4) SA 213 (D)** te p. 221.

[18] Ter ondersteuning van die applikant se bewering dat die testatrise se verstandelike vermoëns sedert die laaste paar maande in 2008 dermate drasties afgeneem het dat sy nie op 18 Maart 2009 oor die nodige testeerbevoegdheid beskik het om die betwiste testament geldiglik te verly nie, is volgende feitebewerings voorgelê:

[18.1] Die testatrise het stories opgemaak, onsamehangend gepraat en kon nie vorige gesprekke of mededelings onthou nie, soos dat sy met kanker gediagnoseer is en nie lank het om te leef nie (waarvan geen bewys gevind kon word nie) en dat sy 'n troue gaan bywoon (waarvan eweneens geen bewys gevind kon word nie);

[18.2] Die testatrise het voortdurend, later tot ses maal per dag, haar broerskind en haar oorlede woonstelmaat se seun geskakel om te vra wanneer hy dan terugkom van sy besoek by sy kinders;

[18.3] Die opsigter het die testatrise gereeld in die gange van die woonstelblok gekry waar sy duidelik verdwaal en

gedisoriënteerd na haar oorlede woonstelmaat gesoek het;

[18.4] Die testatrise het steeds gereeld vir haar oorlede woonstelmaat 'n plek aan tafel bly dek, maar ten spyte daarvan dat die kaste vol kosbestanddele was, nie kos gemaak of skottelgoed gewas nie en het die kakkerlakke in Januarie 2009 sigbaar in die kombuis rondgeloop.

[18.5] Selfs toe Meals on Wheels later op die applikant se versoek vyf maal per week gratis vir die testatrise voorbereide etes afgelewer het, het sy die applikant se swaer gebel vir geld omdat sy nie kos het om te eet nie.

[18.6] Die applikante het tydens 'n naweekbesoek van 14-17 Maart 2009 agtergekom die testatrise het nie meer enige insig in haar eie geldsake nie en sou nie eens die implikasies besef van die teken van 'n volmag nie.

[18.7] Die testatrise het beweer sy betaal die volle heffing vir die woonstel, maar het ten spyte van voldoende kontantvloei vir al haar rekeninge nie eens haar 50%

aandeel van die heffing betaal nie. Sy het 'n debietorder gehad vir iemand anders se selfoonkostes terwyl sy self 'n vooropbetaalde selfoonpakket gehad het. Elke plat oppervlak in haar slaapkamer was bedek met honderde koeverte, gemorspos en betaalstrokies vir geld wat sy gestuur het vir allerlei oorsese advertensies en ander onsinnige aangeleenthede. Sy het selfs beweer sy bêre haar oorlede woonstelmaat se klere om te verkoop vir kosgeld en mense kom koop van tyd tot tyd by haar goed.

[18.8] Die testatrise het ook volgehou haar mediese fonds sou betaal vir die herstel van haar warmwatertoestel.

[19] Dr Jo-Ann Smit het bevestig dat hierdie optredes inpas by die patroon van Alzheimer-tipe demensia wat sy waargeneem het tydens haar kognitiewe funksie-ondersoek van die testatrise op 3 April 2009. Haar verslag toon dat die testatrise met Alzheimer se siekte ("Alzheimers") gediagnoseer is en dit is ook gemeensaak dat sy na die Alzheimereenheid van die Ons Tuiste Versorgingsoord oorgeplaas is voor sy enkele dae later

in die Medi-Clinic oorlede is weens 'n 'massiewe boonste SVK bloeding'.

[20] Die patroon van agteruitgang van die testatrise se verstandelike vermoëns pas in by Dr Smit se getuienis dat Alzheimers tipies oor 'n tydperk van 8 tot 10 jaar onomkeerbare en ongeneeslike neurologiese degenerasie met gepaardgaande kognitiewe wanfunksionering by bejaardes meebring waarvan die simptome drasties toeneem kort voor hul dood.

[21] Met die ondersoek op 3 April 2009 het Dr Smit reeds gevind dat die testatrise 'n wesenlike kognitiewe inperking ("impairment") toon met 'n telling van 9 uit 30, waar 25 alreeds dui op inperking. Sy het getuig dat sy uit die toetsresultate kon vasstel dat die testatrise se geheue, sosiale oordeel, gedagtegang en vermoë om rasioneel te dink, baie ernstig gekompromiteer was. Sy was nie georiënteer ten aansien van tyd en plek nie en, hoewel sy instruksies kon volg en uitvoer, kon sy nie 'n sin skryf en net met moeite haar gedagtegang kon voltooi of herroep.

[22] Aangesien sy die testatrise slegs op 3 April 2009 getoets het, wou Dr Smit haar nie daartoe verbind om te sê die testatrise sou níé op 18 Maart 2009 testeerbevoeg gewees het nie. Sy was egter wel bereid om te sê dat as die testatrise 'n testament moes verly op die dag wat sy getoets is, sy beslis nie daartoe in staat sou wees nie en dat dit in die lig van al die omstandighede onwaarskynlik is dat sy wel op 18 Maart 2009 daartoe in staat sou wees.

[23] Op sy eie weergawe het mnr Hatha geen ervaring van Alzheimerlyers nie. Hy is vooraf ingelig dat die testatrise by tye verward is, maar het aangeneem hy sou agterkom as sy wel deurmekaar is. Sy waarnemings moet dus beoordeel word in die lig daarvan dat hy slegs self vir die testatrise vrae gevra en op sy eie oordeel staatgemaak het eerder as om in die lig van die vooraf waarskuwing dat die testatrise nie altyd rasioneel optree nie, ander voorsorgmaatreëls te tref om te verseker dat sy wel testeerbevoeg is.

[24] In **SPIES NO v SMITH EN ANDERE**, *supra,* te p. 549 E – F , byvoorbeeld, kon met sekerheid bevind word dat die testateur wel testeerbevoeg was omdat die prokureur toe die testament

onderteken is, benewens sy eie vrae aan die testateur ook die landdros en 'n geneesheer ingeroep het om self die testateur te ondervra om vas te stel of hy wel in staat is om 'n testament te maak, of hy die inhoud verstaan en of die inhoud volgens sy eie wense is. Netso is ook in **NAIDOO v CROWHURST,** 2009 JDR 1330 WCC te p. 21, par. 39 'n ervare mediese praktisyn ingeroep toe die testament verly is *"to be in attendance and to satisfy himself that the Deceased was compos mentis"*.

[25] Beduidend in die lig van sy gevolgtrekking dat die testatrise wel testeerbevoeg was met verlyding want *"alles het normaal voorgekom, mev Rautenbach het alles verstaan en kon op alle vrae reageer"* is Dr Smit se getuienis dat hoewel 'n Alzheimerlyer soms tydens gesprekke normaal kan voorkom, die neurologiese aftakeling en gevolglike kognitiewe wanfunksionering deurentyd teenwoordig is en dit onmoontlik is om bloot met een of twee vrae die persoon se vlak van kognitiewe funksionering op 'n gegewe tydstip te bepaal.

[26] Dit hou noodwendig in dat dit nie vir 'n leek soos mnr Hatha moontlik sou wees om met enkele vrae te bepaal of die

testatrise werklik die regsimplikasies van die betwiste testament verstaan het op 18 Maart 2009 en dus oor die nodige kognitiewe vermoë beskik het om die bewiste testament geldiglik te verly nie soos hy beweer het nie.

[27] Boonop blyk dit baie duidelik uit sy getuienis dat die testatrise op 18 Maart 2009 geen onafhanklike geheue gehad het van die omvang van haar bates of van die stand van haar vorige erfgename en dus van die potensiële aansprake op haar boedel nie. In die lig hiervan, tesame met die mediese getuienis oor die aard van haar kognitiewe inperking, is dit onwaarskynlik dat sy toe in staat sou wees om te onderskei tussen haar moontlike erfgename en 'n redelike besluit te maak oor hul aansprake.

[28] Hy het naamlik onder kruisondervraging toegegee dat sy geen instruksies uit haar eie gegee het nie en dat hy bloot elke bate vir haar voorgehou het uit haar 2000 testament en dan gevra het na wie dit moes gaan; dat die derde respondent haar moes herinner aan die belegging waarmee nie in die 2000 testament gehandel is nie; dat hyself haar moes herinner dat haar ander stiefdogter reeds oorlede is en nie kan erf nie en dat die derde

respondent haar herinner het dat mnr Giel van Heerden ook oorlede is en insgelyks nie kan erf nie.

[29] Sy bewering dat die testatrise hom uitdruklik meegedeel het dat sy die meeste van haar bates aan die derde respondent wil gee omdat hy na haar gekyk het en dat die applikant goed doen en vir haarself kan sorg, asook dat sy en die applikant 'n argument gehad het, moet beoordeel word in die lig van sy erkenning dat hy vyf mense per dag sien om testamente op te stel en geen notas van sy gesprekke met die testatrise gehou het nie.

[30] Die derde respondent se weergawe, naamlik dat die testatrise nooit in sy teenwoordigheid deurmekaar was nie en heeltemal normaal en bevoeg was om haar eie sake te hanteer en die betwiste testament te verly, is in die lig van die mediese en ander getuienis duidelik onhoudbaar en so vergesog dat dit op die stukke alleen verwerp kan word.

[31] Die applikant se weergawe, daarenteen, stem ooreen met die mediese getuienis en word verder ondersteun deur die feite wat blyk uit mnr Hatha se getuienis. Dié weergawe word dus

aanvaar en word in die lig van die omstandighede van die saak bevind dat op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys is dat die testatrise op datum van verlyding van die betwiste testament nie oor die nodige verstandelike vermoëns beskik het om 'n geldige testament te verly nie.

[32] Ten aansien van die beweerde wilsonderskuiwing het mnr Hatha getuig dat hy slegs by een geleentheid alleen saam met die testatrise was, dat sy daartydens nie kon onthou of sy wel 'n vorige testament het nie, en dat sy hom op daardie stadium geen instruksies gegee het nie. Hy het erken dat die derde respondent beide die volgende twee afsprake namens die applikant gemaak het en ook teenwoordig was tydens die opstel en verlyding van die betwiste testament en verder dat die derde respondent teenoor hom beweer het dat die applikant nie na die testatrise omsien nie.

[33] In die lig van die bevinding dat die testatrise op die feite nie oor die nodige verstandelike vermoëns beskik het om op 18 Maart 2009 'n geldige testament te verly nie, is dit nie nodig om 'n bevinding omtrent wilsonderskuiwing te maak nie. Daar word dan bloot opgemerk dat die getuienis daarop dui

dat die applikant weens haar verswakte fisiese toestand en ook haar Alzheimer-tipe demensia op waarskynlikhede nie in staat sou wees om onbehoorlike beïnvloeding te weerstaan nie en dus daartoe beweeg sou kon word, en waarskynlik is, om haar testament in die derde respondent se guns te verander sonder om die regsimplikasies van haar handeling te besef.

[34] Uit die mediese getuienis omtrent die testatrise se kognitiewe wanfunksionering blyk dit duidelik dat die derde respondent se weergawe, naamlik dat die testatrise te alle tye normaal opgetree het en dus verstandelik in staat was om 'n geldige testament te verly, onwaar is. Daar was ook geen getuienis namens die respondente, en is dit dus ook nie bewys nie, dat die testatrise die testament in 'n sg. "helder oomblik" verly het nie.

[35] In die lig van die bogemelde was die derde respondent se opponering van die aansoek onredelik en is daar geen rede waarom die boedel die kostes moet dra nie.

[36] Die kostes moet dus die uitslag volg.

**BEVELE:**

Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Die testament van wyle Susanna Cornelia Rautenbach [ID 250221 0004 084] gedateer 18 Maart 2009 word ongeldig verklaar.

2. Die testament gedateer 7 Augustus 2000 word verklaar die geldige Laaste Wil en Testament van wyle Susanna Cornelia Rautenbach [ID 250221 0004 084] te wees.

3. Die derde respondent word beveel om die koste van hierdie aansoek te betaal.

H. MURRAY. Wnd. R

Namens die applikant: Adv N Snellenburg in opdrag van Honey Prokureurs, Bloemfontein.

Namens die respondent: Mev A Oosthuizen in opdrag van die Regshulpraad, Bloemfontein.